

Nuusbrief

N2/2019

Privaatsak X4, Laingsburg 6900 Tel. 023 551 1019 Faks. 023 551 1019

info@laingsburg.gov.za

# Municipality * Laingsburg * Munisipaliteit




## *Boodskap van die Uitvoerende Burgemeester*



*Raadslid Mike Gouws*

*Uitvoerende Burgemeester*

Die Raad wil aan die Laingsburg gemeenskap baie dankie sê vir ‘n stabiele 2019/20 boekjaar. Ons kan uit omstandighede, soos uself sê, die genade van die Here het ons deurgedra.
Dit is Desember maand ons het so baie om voor dankbaar te wees ten spyte van die droogte. Laingsburg het water en reën nodig, want in Göldnerville het ons soms geen water nie veral in hoogliggende areas wat ‘n gedeelte van 6de, 8ste, 9de en 10de Lane insluit.

Ons is tans geseënd met werkskepping in Laingsburg en Matjiesfontein. Ons gemeenskap word redelik ge-akkommodeer met werksgeleenthede. Die huidige ekonomiese omstandighede in Laingsburg behoort omgekeer te word, want elke huishouding behoort ‘n inkomste te hê. Daar word nog altyd deernis ondersteuning aangebied. Die munisipaliteit het ‘n klein belasting inkomste en die kwessie van die droogte het ook ‘n groot impak.

Die Munisipaliteit het ‘n gekwalifiseerde oudit verslag gekry en ons sal die uitdagings in 2020 aanpak. Ons Munisipale Bestuurder, Mnr. PA Williams, het ook sy bedanking ingedien met die aanvaarding van ‘n nuwe werksaanbod. Hiermee wil ons as personeel en Raadslede van Laingsburg Munisipaliteit hom bedank vir dit wat hy vir Laingsburg beteken het en wens hom alle voorspoed toe. Huidiglik is die Bestuurder: Infrastruktuur Dienste, Mnr. J. Komanisi, die Waarnemende Munisipale Bestuurder. Ons wil vir hom sterkte toewens met sy werksaamhede.

Vir die persone wat ons altyd wil diskrediteer, wil ons sê, korrupsie, oneerlikheid en onetiese gedrag moet u bewys, dit is u reg. Ek duld dit nie. In die nuwe jaar sal ons die Göldnerville pyplyding aanspreek, daar is tenders uit. Ons het beperkte hulpbronne. Ons trekkers en motors moet aangevul word en sal by die medium termyn begroting dit probeer aanspreek. Ons wil ons hele Raad en Gemeenskap ‘n baie Geseënde Kersfees en ‘n Voorspoedige Nuwe Jaar toewens.

Met dank

L.W. *Ons wil aan al die boere in die Laingsburg omgewing sê dat ons aan julle dink in hierdie droogte tydperk. Julle swaarkry is ook ons swaarkry. Julle verskaf werk en kos aan baie mense, maar u moet geloof het en biddend bly. Die Raad hoop ook dat u nood verlig sal word met tyd.*



Ek wil graag ook van hierdie geleentheid gebruik maak om u alle voorspoed toe te wens asook aan u en u gesinne ‘n Geseënde Kersfees toe wens.

Die uwe

*MNR. PA WILLIAMS*

*MUNISIPALE BESTUURDER*

## Tien Jaar Diens by Laingsburg Munisipaliteit

- Me. S.Booysen
- Mnr. L. Meintjies




## Munisipale Verkeer

Kennis geskied hiermee dat die Munisipale Verkeerskantore verskyf na die huis op die hoek van Voortrekkerstaat en Willem Destrostraat reg oorkant Engen 1-Stop vulstasie.

Die Munisipale Verkeerskantore sal gesluit wees vir uitpasering van lisensies en sal weer heropen op die 15 Januarie 2020.

***Vanaf ‘n hardwerkende Munisipale Verkeerspan,***

***Veilig reis en onthou…Veilige Bestuur, Red Lewens!!***

***Geseënde Kersfees en ‘n Voorspoedige Nuwe***

## Wykskomitees

Wykskomitee Vergaderings vind maandeliks plaas waar gemeenskaplike probleme ter tafel gelê word en daarna verwys word na die Raad vir bespreking en moontlike oplossing. U word tog vriendelik vesoek om die gemeenskapsvergaderings soos per Wyksraadslids kwartaalliks by te woon om sodoende terugvoering te kry oor die geïdentifiseerde behoeftes.

****** RESES ******

***Die Munisipale Raad gaan in reses vanaf die 04de Desember 2019 en sal terugkeer op 06 Januarie 2020***

## Nasionale toekennings vir die Thusong-program 2019



Dit was 'n vreugdevolle oomblik vir die gemeenskap van Laingsburg toe ons Sentrum Bestuurder, Steven Schippers, die eerste prys vir die beste Thusong-dienssentrum in die land ingewin het vir vennootskappe / dienslewering vir 2019. Hierdie gesogte geleentheid deur die Nasionale Regering het in Grandwest Casino plaasgevind. Hierdie toekenning het Laingsburg weer op die kaart geplaas vir 'n goeie werk aan die gemeenskap.

## Liewe Laingsburgers

Kennis geskied hiermee dat die Raad ‘n kerspartytjie vir die kindertjies sal aanbied op Saterdag, 28 Desember 2019 vanaf 09:00 te JJ Ellis-sportgrond. Graag wil die Raad u uitnooi om hierdie geleentheid by te woon.

‘n Kennisgewing sal uitgestuur word om verdere inligting aan u te verskaf.

Met dank

Mnr. JX Komanisi
Waarnemende Munisipale Bestuurder

## Munisipale Visie

**“‘n Bestemming van keuse waar mense eerste kom”**

**Volhoubare watersekuriteit vir die toekoms**

Die Provinsie het 'n aantal waterbestuursprojekte aangepak om te verseker dat die bestaande waterbronne en vraag verhoog word en watergebruik effektief oor munisipaliteite heen gemonitor word. Laingsburg is een van die munisipaliteite wat meters installeer in meer as 900 huishoudings wat meer as 40% van die munisipale wateraanvraag sal uitmaak. Die munisipaliteit hoop om die vraag in hierdie gebiede te stabiliseer en sien 'n afname in die vraag van tot 75% met behulp van die Honeywell Zonke Lite-slimmeters wat gebruik kan word as voorafbetaalde meters en toestelle vir vraagbestuur. Die Honeywell Zonke Lite-slimtoestelle spog met 'n dubbele funksie wat sommige huishoudings toelaat om waterkrediet by aangewese verskaffers van vendingstelsels aan te skaf, sowel as om die vraag na huishoudings met 'n hoë waterverbruik te bestuur. Huishoudings met 'n geskiedenis van hoë waterverbruik kry daagliks 'n toegewyde hoeveelheid water, terwyl ander gebruikers waterkrediet met die LCD-toetspaneel kan koop. Gelei deur die "LCD-keypad" is die metermodule wat bo die grond óf aan die muur gemonteer is, en bevat funksies wat bestaan uit die opsporing van waterlekasies en die gebruiker in kennis stel van lae kredietwaardigheid.

Wat u moet weet:

- Een slim toestel vir watermeters: Honeywell Zonke Lite Smart Water Meter word in elke huishouding geïnstalleer en elke watermeterapparaat bedien spesifieke funksies volgens die status van die huishoudelike waterverbruik en die munisipale waterverbruiksdata;
- Voorafbetaalde watermeters word geïnstalleer in spesifiek geïdentifiseerde huishoudings en aanvraagbestuurstoestelle wat in huishoudings met 'n aangetekende hoë waterverbruik geïnstalleer word;
- Huishoudings wat toegerus is met slimtoestelle vir aanvraagbestuursdoeleindes, kry 105l per siklus en water word elke aand om middernag hervul;
- Huishoudings met voorafbetaalde slimtoestelle vir watermeters kan waterkrediet koop deur die 20-syfer bewysnommer in die gebruikers "interface"-eenheid / sleutelbord in te voer wat die waterbestuurtoestel opdrag gee om die toegekende hoeveelheid water deur die meter te laat voordat dit sluit;
- Voorafbetaalde watermetergebruike kan die gebruik opspoor, krediet op 'n afstand laai, en die moontlikheid van wankelrige skok verminder as gevolg van lekkasies of verkeerde monitering, aangesien die toestel waterlekke opspoor en watergebruiksdata versamel.

'n Voorafbetaalde watermeter kan ook gebruik word om water wat na 'n spesifieke gebied vloei, te beperk. Dit help munisipaliteite en eienaars om beheer te hê oor die hoeveelheid water wat by sekere uitsette gebruik word en vermors. Dit is deel van die munisipaliteit se koste-effektiewe oplossing vir volhoubare waterbestuur en 'n effektiewe instrument om munisipaliteite van lekkasies te waarsku en om data doeltreffend te versamel.








**Dappermuis Dagsorg Sentrum**

Dappermuis Dagsorg Sentrum in Bergsig sluit op 11 Desember 2019 en heropen op 15 Januarie 2020.

Indien u hulle u kind wil inskryf kan u op 10 Desember 2019 & 13-14 Januarie 2020 die Bergsig Gemeenskap saal besoek.

## Laingsburg Openbare Biblioteek



**Die Biblioteek wens almal 'n Geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige Nuwe Jaar.**




## Belangrike Datums

**Versoeningsdag : 16 Desember 2019**

**Kersdag : 25 Desember 2019**

**Welwillendheids Dag: 26 Desember 2019**

**Nuwe Jaarsdag : 1 Januarie 2020**

LAINGSBURG
MUNISIPALITEIT

**2 Van Riebeeckstraat**

**Laingsburg**

**6900**

## Vullisverwydering

Kennis geskied hiermee dat Vullisverwydering soos volg sal plaasvind gedurende die Kerstyd;

***23 & 27 Desember 2019: Besighede***

***24 Desember 2019: Göldnerville & Bergsig***

***26 Desember 2019: Dorp***

'n Vriendelike versoek word gerig dat alle tuinvullis in sakke geplaas word wat verwyder sal word gedurende die week voor kersfees en word u verder versoek om nie tuinvullis uit te sit gedurende die Kerstyd nie.

**Kom ons hou ons woonbuurte en dorp skoon vir reisigers en gaste wat ons oor die tyd kom besoek.**

## Nood Nommers

| | | |
|---|---|---|
| Munisipale Verkeer | - | 073 148 7665 |
| Brandweer & Rampbestuur | - | 073 148 7665 |
| Water Werke | - | 073 171 5896 |
| Elektrisiteit | - | 073 171 5896 |
| SAPD | - | 10111 |
| EMS Ambulans | - | 10177 |
| | - | 023 551 1420 |
| Klagtes | - | 023 551 1019 |
| Childline | - | 0800 055 555 |
| Kindersorg | - | 023 551 1694 |
| Hospitaal | - | 023 814 2038 |

## LADAAG

**Kersfees en Nuwejaar is partytjie tyd en die drankies is beskikbaar, wees asb verantwoordelik en een glasie kan lei tot verslawing.**

**Alkohol & Dwelms**

**vernietig lewens! Kies 'n skoon en vry lewe!**

**Vir hulp skakel Shireen by (023) 551 1899**



Indien u 'n advertensie in die koerant wil plaas kan u met ons gesels en 'n goeie prysie kom onderhandel!!

Munisipale Kommunikasie Kantoor
Madré & Arthur